

Mieke rock uit.

Jana du Plessis. Kaapstad: Tafelberg, 2012.

224 pp. ISBN: 978-0-624-05457-3.

Daan Dreyer se blou geranium.

Derick B. van der Walt. Kaapstad: Kwela Boeke, 2012. 224 pp. ISBN: 978-0-7957-0416-1.

DOI: <http://dx.doi.org/10.4314/tvl.v50i1.19>

Dit wil soms voorkom of *chick lit* die literêre ekwivalent van popmusiek is. Dis aantreklik mits jy nie te veel verwag nie, by tye selfs vindingryk en vernuftig. Dit word so verpak dat dit nie te veel van 'n uitdaging vir jou aandagspan is nie. En die einde is relatief eenvoudig—ongeag hoeveel kinkels, dramatiese oomblikke en verrassings onderweg beleef word.

Nes popliedjies wat meesal met dieselfde akkoorde en ritme woeker, het *Mieke rock uit* en *Daan Dreyer se blou geranium* 'n hele aantal aspekte gemeen. Albei romans speel groterdeels in Pretoria af. In albei romans is die fokalisator iemand wat pas geskei het. Hierdie fokalisators is albei vasgevang in 'n leefwyse wat hulle nie noodwendig wil hê nie, maar waaraan hulle vasklou. En hulle is albei op krisissouderdomme. Mieke is vyf en twintig—net reg vir haar kwartlewekrisis—en Daan is vyf en veertig (hoog tyd vir 'n bestaanskrisis in sy middeljare). Die twee romans volg die fokalisators se reise vanaf hierdie laagtepunt deur verskeie moeilikhede tot by 'n punt waar hulle die aanvaarding van hul familie, vriende en 'n moontlike geliefde ervaar. En werksge- wys 'n blink nuwe toekoms tegemoet gaan.

In Mieke se geval is dit 'n reis saam met haar jonger sussie Kayla, Kayla se vriendin Darling en die rock groep Siek wat haar “meer open-minded” (42) help maak. Sy begin toenemend teen “die verwagtinge van die middelklas” (68) stry. Teen die einde van die roman voel dit egter of sy steeds 'n middelklaspoppie is wat van tyd tot tyd 'n bietjie *slum*. Haar nuwe studierigting en haar nuwe vriendekring is dalk effe aweregs, maar dit

blyk sy sal veilig by haar ma en pa bly terwyl sy studeer en haar studies sal befonds word deur haar pa (202). Haar voorgenome “werk- kie”—'n “waitress jobbie” (203)—is ook die stereotipiese manier vir middelklasstudente om geld te maak terwyl hulle studeer.

Die veranderinge in Daan se lewe kan nie net aan een insident gekoppel word nie. Sy vriend Neels Nolte sleep hom gym toe, waar die “ewigdurende jeug van die lyf” verkoop word (42). Kontak met sy vrou se sielkundige, Hendrina Visser, maak sy kop oop (215) en sy interaksie met Millie, die eienaar van 'n bakkery wat ook ligte etes bedien, help hom op verskeie vlakke om sy ou lewe agter te laat. Sy kinders, Marius en Annerie, sy eksvrou Karen en 'n hele aantal kollegas help ook om hom in 'n semi-metroseksuele man te omskep.

Soos so dikwels gebeur met *chick lit*-boeke, word *Mieke rock uit* en *Daan Dreyer se blou geranium* se sentrale metafore reeds in die titel aangedui. Mieke du Randt (née Germishuys), wat soos 'n “Pretoria-koek” of 'n “veertig- jarige” aantrek (17), haak uit en *rock on* en onttaard in “Mieke wat rock. Half Band Bitch, half Waterkloofvrou” (221). Daan Dreyer, nes sy ongewone, “nie jou everyday geranium nie” (19), sukkel om te oorleef in 'n benouende ruimte, maar kry dit uiteindelik wel reg om te groei en te blom—al is dit op 'n beperkte skaal (210).

Die twee romans is egter nie in alle opsigte stereotopies nie, ongeag hoe resepmatig hulle is. *Mieke rock uit* ondermyn dikwels van die kenmerke van die jong-volwassene *chick lit*- roman (soos uiteengesit deur Campbell, “Sand in the oyster” 488). Dit wil, byvoorbeeld aan- vanklik voorkom of handelsmerke sterk sal figureer (daar is byvoorbeeld verwysings na 'n “ivoorkleurige Marianne Fasler-trourok” [7], 'n Apple MacBook Pro [8] en 'n iPhone [18]). Hierdie verwysings raak mettertyd min- der en Mieke se losraak van handelsmerke loop ongeveer parallel met die afskud van

haar ou identiteit. Hoë hakke (rooies) figureer kortstondig (54), maar blyk onprakties te wees om rock-konserte mee by te woon en verdwyn gou. Die jongste toerusting word genoem en gebruik, maar uiteindelik duik tegnologie uit die ark ook op: “’n Kodak van die sewentigs” (167). En daar word gedrink en gerook (van alles en nog wat). Maar in plaas van Campbell (“Sand in the oyster”, 488) se “stylish concoctions”, is dit whiskey, shots en bier—sekerlik soos dit ’n rock chick betaan.

Daan Dreyer se blou geranium sou getipeer kon word as *lad lit*. Wright beskou *lad lit* as die manlike ekwivalent van *chick lit* en Gill en Herdieckeroff (“Rewriting the romance” 488) as ’n *chick lit*-subgenre. Wright voer aan dat *lad lit* ’n manlike protagonis het wat óf nie ’n suksesvolle loopbaan het nie, óf terselfdertyd sy loopbaan en liefdeslewe wil bevorder. Hy som die genre op as “basically about a man who has no real point in life so he spends his time wasting it. At the end the love of a good woman turns him around” (Wright).

Net soos *Mieke rock uit* nie noodwendig hou by die stereotipes van *chick lit* nie, is Daan Dreyer nie ’n tipiese *lad lit*-karakter wat slegs dronk raak en sport kyk nie (vgl. Wright). Na sy eksvrou se mening is hy “delikaat” en het hy eintlik iemand nodig wat “sag” sal wees met hom (189). En sy baas, Vanessa, reken hy “boesem vertrou in”, dat hy ’n “steunpilaar” is—selfs “op ’n manier nogal aantreklik” (127). Dit is die liefde en sorg van vele goeie vroue wat hom help om te blom: sy dogter, sy eksvrou, sy baas, sy grootbaas (Gloria), Neels se vrou (Amanda), Hendrina en veral Millie.

Ongeag hierdie afwykings van die tradisionele patroon, bly albei romans variasies op ’n bekende deuntjie. Gesien die temas van groei en verandering sou albei tekste as bildungsromans beskou kon word. Maar dié is relatief maklike groei en verandering. Die prys wat betaal word, word gou vergeet, of blyk nie so hoog te gewees het nie. *Daan Dreyer se blou*

geranium is egter ’n meer volwasse roman as *Mieke rock uit*. In eersgenoemde is daar ’n groter bewustheid van pyn en hartseer en word daardie gevoelens nie so maklik uitgewis sodra daar weer goeie dinge gebeur nie.

En soos wat daar popmusiek én popmusiek is, is *Mieke rock uit* beslis op ’n jonger gehoor gemik. Hoewel die aanslag heel vars voel en die kwinkslae baie skerp is, sal sommige lesers die selfbehepthed van die karakters vervelend of vervreemdend vind. *Daan Dreyer se blou geranium* voel “egter” wat dialoog en vertelperspektief betref, maar van die ontknopings en oplossings is net té maklik om geloofwaardig te wees. (’n Interessante studie sal wees om te kyk hoeveel manlike skrywers van *chick lit* geboortes onder ongewone omstandighede—sonder mediese hulp maar in die teenwoordigheid van die fokalisator—in hul tekste insluit.) As die twee romans popkunstenaars was, was *Mieke rock uit* Katy Perry en *Daan Dreyer se blou geranium* dalk Duran Duran. Lees en luister dienooreenkomstig.

Geraadpleegde bronne

- Campbell, P. “Sand in the oyster. The *lit* of chick lit.” *The Horn Book Magazine* Jul./Aug. (2006): 487–91.
- Gill, R. en Herdieckerhoff, E. “Rewriting the romance. New femininities in chick lit?” *Feminist Media Studies* 6.4 (2006): 487–504.
- Wright, D. “How the slapper became the saluted: An alternative into the chick-lit genre”, *Writers News Weekly*, 2008. 30 Nov. 2012. <http://www.writersnewsweekly.com/how_the_slapper_became_the_saluted.html>.

Lenelle Foster
lfoster@sun.ac.za
Universiteit van Stellenbosch
Stellenbosch